
# Piekfyn Afrikaans Skryfvaardighede

nb
UITGEWERS
PUBLISHERS
Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi



STOP
BLIKJAG
Red
Renosters
Gaan
Groen

“'n Mens skryf goed as jy 'n doodgewone woord op so 'n interessante manier of plek in 'n doodgewone sin kan inspan dat dit soos 'n nuwe woord klink.”



HORATIUS (65-8 vC)

# Soorte skrywers in die klas



- Beginner
- Oorgang
- Gewillig
- Onafhanklik



# Skryfbenadering



# PROSESSKRYF AKTIWITEITE

## Preskryf

- Begin lank voordat “skrywer” sy/haar idees in skryf omskep.
- Ervaring, observering en interaksie het ‘n invloed op **WAT** en **HOE** geskryf word.


# PRESKRYF STRATEGIEë

- Dinkskrum
- Gedagte diagramme, webdiagramme
- Voer 'n onderhoud met kundiges
- Bespreking, klaskonferensie
- Luister na musiek
- Prente, rolprente, televisie
- Reflekteer
- Kreatiewe respons
- Rolspeel
- Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom?

# Skryfidees

## Klasgelukbringer

- Sagte speelding/voorwerp/foto
- Besluit op 'n naam
- Bespreek agtergrond (Curriculum Vitae)
- Familie/Gesin/Stamboom
- Voorkeure/afkeure
- Neem huis toe: dagboekinskrywing/ joernaalinskrywing



# Skryfidees





Die dagboekinskrywing
Die dag en datum word boaan geskryf.
Nie nodig om met "Liewe Dagboek" te begin nie.
Skryf in die eerste persoon.
Gebruik die verlede tyd vir dit wat in die verlede tyd plaasgevind het.
Gevoelens wat nou ondervind word, kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
Gebruik woorde soos
Vandag
Gister
Môre
Gebruik adjektiewe, leestekens, en hoofletters om oortuigend te skryf.
Vrae en wense is 'n goeie manier om gevoelens oor te dra.
Noem familie en vriende op die naam.
Skryf in paragrawe.
Dinsdag, 11 Junie 2013
Ek kan dit nie doen nie. Om voor die klas op te tree, is vreeslik. Nadat Mevrou Sibambe gesê het dat elkeen van ons môre aan die klaskonsert moet deelneem, voel ek naar. My ma sal my nooit glo as ek sê ek is siek nie.
Ek wens ek kon so goed soos Jonatha praat. Ek weet almal gaan vir my lag. Dalk moet ek daardie simpel liedjie sing. Dan kan almal maar spot en klaarkry.
Woensdag, 12 Junie 2013
O, ek was toe verniet bang. Ek kan dit nie glo toe almal in die klas die snaakse woorde van die liedjie geniet het nie. Hulle het sowaar saam geklap en niemand het my uitgelag nie. Ek kan dit nou nog nie glo dat Gladis dit ook geniet het nie.
Volgende keer gaan ek nie bang wees nie. Nou weet ek, ek kan.

# Skryfidees
# Staak skryf. . .

**Verhalende opstel/brief/ . . .**

- Skryf inleidende sin.
- Vries! Stop waarmee jy besig is - al is dit in die middel van `n woord of sin.
- Ruil met die ander groep/maat.
- Skryf verder.



# Skryfidees Respons op 'n teks . . .

Kyk na die volgende illustrasie. Bespreek die vrae met jou maat.

- Wie is Garry Kasparov?
- Waarmee is die persone besig?
- Dink jy dit is 'n toernooi waaraan hy deelneem? Waarom sê jy so?
- Wie of wat dink jy is "Deep Blue"?




In 1996 het Gary Kasparof (in Russies as Garry Kasparov gespel) teen die IBM maatskappy se rekenaar, *Deep Blue*, skaak gespeel. Die rekenaar het die wêreld verstom toe dit vir Kasparof in die eerste spel gewen het. Kasparof het die toernooi 4-2 gewen.

Lees nou 'n uittreksel van 'n gedig deur Eveleen Castelyn oor hierdie toernooi in 1996. Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. In 'n *neutedop* verduidelik wat 'n vrye vers is.

## Skryf 'n verhalende opstel

In hierdie module het jy met skaak en sosiale netwerke kennisgemaak. Gary Kasparof het besluit hy wil weer teen *Deep Blue* speel om te bewys hy is steeds die beste skaakspeler ter wêreld.

Skryf nou 'n verhalende opstel van ongeveer 200-250 woorde oor die toernooi wat jy bygewoon het. Dink aan die volgende:

- Waar het die toernooi plaasgevind?
- Watter karakters tree almal in die verhaal op?
- Hoe het jy vir Gary Kasparof ontmoet?
- Wat het jy vir Gary Kasparof gesê en wat het hy jou geantwoord?
- Wat het die sosiale netwerke (BBM, WhatsApp, Facebook, Twitter, MXit) van die toernooi gesê?

### Prosesskryf

Blaai terug na module 1 waar prosesskryf se verskillende stappe uiteengesit is. Jy moet hierdie verskillende stappe volg. Al jou rofwerk en pogings moet saam met die finale opstel vir assessering ingehandig word.

*Pitkos* gee jou meer wenke hoe jou verhalende opstel moet lyk. Lees dit gou deur.

### Pitkos

**Die verhalende opstel**

Die doel van 'n verhalende opstel is om die leser te vermaak. *'n Verhalende opstel vertel 'n storie of gebeurtenis uit die verlede. Dit kan vanuit* enige perspektief geskryf word.

*ou die volgende in gedagte wanneer 'n verhalende opstel geskryf word:*

- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- Daar moet 'n sterk storielyn wees en dit moet ook baie oortuigend wees as dit op fantasie gebaseer is.
- 'n Verhalende opstel word gewoonlik in die verlede tyd geskryf.
- 'n Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- 'n Suksesvolle verhalende opstel lig sintuiglike besonderhede soos sig, klank, smaak, reuk en sensasies uit.
- Gebruik woorde wat gebeure in tyd aandui (bepalers) soos vroeg in die oggend, later, daarna.
- Jy kan ook van dialoog gebruik maak.
- Gebruik beskrywende woorde (byvoeglike naamwoorde, bywoorde) wat die leser se aandag sal trek en behou.

# Skryfidees
# Skryfraam

**Lees die storie:**

***Johan en sy vriende klim uit die . . . en kyk rond. Dit lyk pragtig. Almal is . . .***

**Onderwyser se instruksie:**

- Beskryf die groepie vriende en hulle verhouding met mekaar. Enige konflik, romanse, belangstellings. . .

**Lees verder:**

***Geselsend stap hulle deur . . . omgewing opsoek na `n kampeerplek. `n Uur later sien hulle . . . Gelyktydig roep almal uit "Ons kamp net hier!".***

**Instruksie:**

- Waaroor gesels hulle soos hulle kamp opslaan. Skryf die dialoog neer.

# Bespreking

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 EAT

**Gesels met jou maat.**

- Wat dink jy is die hoofgedagte van die reeks illustrasies?
- Waar dink jy vind die gebeure plaas?
- Wat word 'n leeu se kleintjie genoem? Wat is die manlik en vroulike geslag van die volwasse diere?
- Wat dink jy het in raampie 1 gebeur? Hoekom sê jy so?
- Beskryf kortliks wat in raampies 2 en 3 gebeur.
- Hoe dink jy het die welpie gevoel? Gee 'n klomp beskrywende woorde om die welpie se gevoel te beskryf.
- Hoe dink jy het die ma en welpie in raampies 7 en 8 gevoel?
- Gee moontlike onderskrifte by elke raampie.





# Lees en doen navorsing

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 EAT

### Die Leeu *(Panthera leo)*

Leeus is die grootste van die katte in Afrika en die enigste een wat werklik sosiaal in troppe voorkom. Dit is een van die gewildste spesies in die Nasionale Krugerwildtuin.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kenmerke:** | Mannetjies is groter en het maanhare. Hulle rol is voortplanting en die beskerming van die gebied. | **Kenmerke:** | Die wyfies jag en beskerm die welpies. |
| **Skouerhoogte:** | 120 cm | **Skouerhoogte:** | 100 cm |

# Oefen verskillende tekssoorte

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 EAT

### Skryf 'n ooggetuieverslag

In aktiwiteit 1 het jy 'n leeuwyfie se reddingspoging gesien en na 'n transkripsie van die gebeure geluister. Gebruik nou hierdie inligting en skryf 'n ooggetuieverslag van ongeveer 120-150 woorde oor die gebeure. *Pitkos* gee jou meer wenke hoe 'n ooggetuieverslag moet lyk.



### In 'n neutedop

#### Die ooggetuieverslag

'n Ooggetuie is 'n persoon wat iets self gesien gebeur het.

- Die ooggetuieverslag word in die eerstepersoon geskryf, want jy het dit persoonlik beleef.
- Jy kan byvoorbeeld so begin: *Ons het net by die waterput stilgehou, toe ons . . .*
- Jy moet wat gebeur het, objektief probeer weergee. Dit beteken dat jy jou nie deur jou eie gevoel en emosies moet laat lei nie, maar net wat jy gesien het, moet vertel.
- Alle feite moet korrek wees en, waar moontlik, chronologies (in tydvolgorde).
- Aanwysings van tyd en plek moet gegee word.
- Alle persone of diere betrokke moet genoem word.
- Klein besonderhede, wat miskien onbenullig klink, kan dalk lig werp op die situasie.
- Persone wat die ooggetuieverslag lees, maak afleidings en gevolgtrekkings daaruit en toon begrip vir die situasie.

# Tekssoorte
# Piekfyn Afrikaans Graad 11

Gebruik die volgende **raamwerk** van 'n brief aan die pers om jou brief te skryf. Hou die verskil tussen die briefskrywer se oorspronklike brief en die gepubliseerde brief in gedagte, asook die verskil tussen 'n brief aan die pers en 'n brief aan 'n vriend/in.

Kweperstraat 37
Kemptonpark
1619
1 Februarie 2013

Die Redakteur
Dagblad-nuus
Posbus 12345
Johannesburg
2000

Meneer/Me.

UITHANG OF UITSTEEK

*Inleiding:* Die rede waarom jy die brief skryf. Stel dit baie kortliks. Verwys na die datum van die berig waarop jy reageer.

*Inhoud:* Brei op jou redes uit in ongeveer 2 tot 3 paragrawe (180 tot 200 woorde in totaal; adresse, datum en voorgestelde kop uitgesluit). Voorbeelde:

- Sê waarom die berig jou belangstelling gewek het.
- Sê of jy met die vorige briefskrywer saamstem of verskil en hoekom.
- Noem 'n aspek wat nie deur die vorige briefskrywer in ag geneem is nie.
- Doen maniere aan die hand waarop 'n mens foto's kan neem sonder om jou of ander in gevaar te stel.

*…fsluiting:* 'n Bondige/beknopte samevatting.

…
…uwe

…nger"
…ndrik Smit

**…ormele assessering**

Gebruik die volgende kontrolelys voor jy jou brief aan die pers vir formele assessering inhandig.

| Kriteria | Ja | Nee |
|---|---|---|
| - Jou adres staan op dieselfde plek as die skrywer se adres in die raamwerkbrief. | | |
| - Die datum is volledig uitgeskryf. | | |
| - Afrikaanse skryfwyse vir 'n straatadres is korrek. | | |
| - Die geadresseerde se adres staan op dieselfde plek as die geadresseerde se adres in die raamwerkbrief. | | |

**Koerantkop A:**
Uithang en uitsteek: die verskil

**Koerantkop B:**
Daar is immers rede vir wildtuin se reëls

**Koerantkop C:**
Wildtuin-boete omdat kind by venster uithang

# Tekssoorte

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 HT

### Skryf 'n verhalende teks (hersiening)

Bestudeer weer die kenmerke van 'n volksverhaal of verhalende opstel noukeurig en skryf jou eie volksverhaal in ongeveer 350 tot 400 woorde. Onthou om die volgende stappe van prosesskryf te volg:

- Beplan 'n kopkaart. Gebruik die volgende idees en stel jou eie kopkaart saam:
  - Watter boodskap wil jy oordra?
  - Watter formaat gaan die beste pas? Versvorm of prosa?

(5) Voltooi die volgende tabel deur die korrekte beskrywing en simbool van Moeder Volmaan in te vul.

| Beeldspraak | Stand van die maan | Vergelyking met mens |
|---|---|---|
| | Volmaan | |
| Elandhoring | | |
| | Halfmaan | |

# Tekssoorte

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 HT

### Skryf die verhaal in storievorm

Bestudeer weer die kenmerke van 'n volksverhaal en skryf jou oorspronklike volksverhaal in 200-250 woorde neer. Jy kan ook jou eie volksverhaal uitdink. Onthou om die volgende stappe van prosesskryf te volg:

- *Beplan* 'n kopkaart. Gebruik die volgende idees en stel jou eie kopkaart saam:
  - Watter boodskap wil jy oordra?
  - Wie is die hoofkarakter?
  - Watter diere gaan jy gebruik?
  - Waar speel die verhaal af?
- Skryf jou eerste *weergawe* en lees en bespreek dit krities.
- Laat jou maat die eerste weergawe lees en *redigeer*.
- Bestudeer jou maat se aanbevelings en besluit of dit meriete het of nie. Gebruik nou jou kennis en jou maat se opmerkings wat waarde toevoeg en skryf 'n *finale produk*.
- Raadpleeg 'n woordeboek indien jy twyfel oor korrekte spelling. Moenie raai nie!

*Formele assessering:* Hierdie verhaal gaan met behulp van 'n rubriek geassesseer word.

# Tekssoorte


## Piekfyn Afrikaans Graad 11 HT

### Skryf 'n literêre opstel

In 'n eksamen kan jy inhoudelike vrae en kontekstuele vrae oor letterkunde te wagte wees. Jy sal ook 'n literêre opstel oor 'n verhaal moet skryf. Hoe word 'n literêre opstel benader?

Lees weer die kenmerke van 'n kortverhaal in *In 'n neutedop*.


Lees 'n vraag altyd noukeurig deur en bepaal wat van jou verlang word. Sommige vrae vereis meer as een aspek van die genre. In bogenoemde vraag moet jy die verhaal se konstruksie of tegniese vaardigheid beskryf. Hoe het die skrywer gebeure en feite volgens die genre se patroon gerangskik? Jou antwoord moet dus die volgende insluit:




- Bekendstelling aan karakters en omstandighede

# Tekssoorte

## Piekfyn Afrikaans Graad 11 HT



- Gee telkens 'n rede waarom jy die bepaalde wenke gee.

a) 'n Meisie met 'n kort minirompie, lang geverfde naels en plakkies.

b) 'n Man in slenterdrag – denim, tekkies, oorring en hy kou kougom.

c) 'n Netjies geklede meisie: hare is netjies gekam, keurige lipstiffie, toepaslike drag – iets soos 'n snyerspakkie.

d) 'n Man in 'n kortbroek, ongeskeer, duidelike tekens van sweterigheid en hy ruik nie te lekker nie.

e) 'n Man in 'n netjiese pak geklee maar met 'n oorbel en lang hare.

f) 'n Meisie in 'n skouerlose rokkie, onderklere wat effe uitsteek. Verder 'n netjiese voorkoms.

### *Aktiwiteit 4: Skryf en aanbied*

**In hierdie aktiwiteit gaan jy**

- jou eie curriculum vitae saamstel
- 'n aansoekvorm invul
- 'n dekbrief volgens die prosesskryf beplan, skryf en aanbied.

Voordat jy vir 'n onderhoud genooi word, is dit natuurlik belangrik dat jy 'n korrekte en volledige curriculum vitae opstel en 'n aansoekvorm voltooi. Bestudeer die onderstaande raamwerk vir 'n curriculum vitae.

'n Curriculum vitae (CV) is 'n Latynse woord vir lewensprofiel/lewensoorsig wat 'n aansoek om betrekking moet vergesel. Kyk na die volgende raamwerk van 'n curriculum vitae.

**CURRICULUM VITAE**

**Persoonlike besonderhede:**

Van:
Voornaam:
Geboortedatum:
Geslag:
Identiteitsnommer:
Nasionaliteit:
Huisadres en/of posadres:
Telefoonnommer(s):
Huistaal:
Ander tale:
  (dui aan: lees, skryf en/of praat):
Huwelikstaat:
Gesondheid:
Rybewys:

**Skoolopleiding:**

Skoolnaam/Skoolname en dui die jare aan
Hoogste graad geslaag
Vakke en finale uitslae
Buitemuurse aktiwiteite
Kulturele betrokkenheid en enige prestasies


**Vaardighede:**

Bv. Rekenaargeletterd, goeie kommunikasievaardighede, georganiseerd, ens.

**Naskoolse studieplanne:**

Instansie, kursus en vakke


# Kopkaart


b) Graad, vakke, maats
a) Naam en van, ouderdom
c) Sportsoort en stokperdjies
f) Gesin
Hoofkarakter
d) Taalgebruik
e) Persoonlikheid, verhouding met meisies

# Eendag . . .

**“Almal het hul 15 sekondes van roem.” – Andy Warhol**.

- Wat beteken dit om beroemd te wees?
- Wil jy beroemd wees? Waarom? Waarvoor?
- Dagboekinskrywing: Asof jy in die toekoms beroemd is. Hoe voel dit? Watter tipe dinge moet jy doen?
- Koerantonderhoud met die “bekende”.


1 Ivor Price: Mnr. Smith, *Die Burger* het onlangs verneem dat die jaarlikse oorgang na die warm Britse somertyd daartoe gelei het dat miljoene mense in Engeland nie by werkende outomatiese tellermasjiene kon geld trek nie.

2 Mnr. Smith *(driftig)*: As woordvoerder van die Barclays-bankgroep ontken ons die bewerings ten sterkste!

3 Ivor Price *(verleë laggie)*: Waaraan sou u die misverstand toeskryf as Vader Tyd nie die sondebok was nie?

# Foto-ontleding





**Beantwoord nou die volgende vrae in groepe in jou werkboek.**

① Gebruik die tabel en sê watter mense, aktiwiteite en stemming jy in elke foto waarneem.

| | Mense | Aktiwiteite | Stemming |
|---|---|---|---|
| Foto 1 | • | • | • |
| Foto 2 | • | • | • |

② Skryf nou drie sinne neer oor wat jy uit die foto kan aflei.

③ Foto's kan soms vrae by die leser/kyker wek.

a) Watter vrae wek die foto by jou?

b) Waar dink jy kan jy antwoorde op jou vrae kry?

④ Elkeen interpreteer 'n foto op 'n ander manier.

a) Waarom dink jy is die foto's geneem? Waarom sê jy so?

b) Wat is interessant of verrassend in die foto's?

⑤ Elke foto is uniek. Wat dink jy wou die fotograaf vasvang?

⑥ Foto's word soms vanuit sekere invalshoeke geneem.

a) Is die foto vanuit 'n hoë of lae invalshoek geneem?

b) Hoe beïnvloed hierdie invalshoek die foto?

⑦ Sluit nou jou oë vir 'n ruk.

a) Wat sien jy in elke foto eerste raak as jy jou oë weer oopmaak?

b) Waarom dink jy word jou aandag hierop gevestig?

c) Is daar ander areas of aspekte wat jou interesseer? Waarom?

⑧ Is daar sterk visuele kontraste soos lig en donker, teksture en ruimtes?

⑨ Foto's kan interessanter gemaak word deur 'n verskeidenheid elemente. Watter soort visuele elemente soos vorm, tekstuur en waardes is o.a. in die foto's sigbaar?

⑩ Balans in 'n foto is nogal belangrik veral as die fotograaf iets spesifieks wil uitlig.

a) Hoe verskil die visuele gewig (balans) aan die een kant van die foto van die ander kant?

b) En wat van bo en onder?

⑪ Sommige foto's word gebruik om 'n bepaalde gevoel of emosie oor te dra.

a) Waaroor dink jy gaan hierdie foto's?

b) Watter woorde sal jy gebruik om die foto's te beskryf?

⑫ Probeer die doel van elke foto vasstel.

a) Is die foto's persoonlik of is dit bedoel om gepubliseer te word?

b) Illustreer die foto's 'n gebeurtenis, 'n aksie, beroep of 'n herdenking?

c) Wie dink jy het die foto's geneem? 'n Amateur-, kommersiële of professionele fotograaf?

# Reflekteer (self)

- Hoe voel ek oor dit wat ek reeds geskryf het?
- Wat is goed? Hoe kan ek dit verbeter?
- Wat is verkeerd?
- Wat vind ek uit soos ek skryf?
- Wat verbaas my? Waarheen lei dit?
- Wat is my doel?
- Wat is die belangrikste ding wat ek probeer oordra?
- Wie is my teikengroep?

# PIEKFYN AFRIKAANS SE DOELWIT

- Maklik bruikbare handboek.
- Neem leerders en onderwysers sistematies deur ’n jaar se werk.
- In lyn met die KABV.
- Dek relevante onderwerpe vir tieners en jongvolwassenes.
- Verleen hulp met hersiening en eksamen-voorbereiding.
- Gebruik gevoelvolle Afrikaans.
- Hoë kwaliteit materiaal.

# PIEKFYN EN DIE KABV

*Piekfyn Afrikaans* behandel die volgende taalstrukture en konvensies:

- Lees- en aksenttekengebruik
- Werkwoorde, lydende en bedrywende vorm
- Enkelvoudige en saamgestelde sinne
- Deelwoorde
- Letterlike en figuurlike taalgebruik
- Wisselvorme
- Meervoude, verkleining
- En meer . . .

# Taalstrukture en -konvensies




| Taalstrukture en -konvensies | |
|---|---|
| **Woordeskatuitbreiding/-ontwikkeling en taalgebruik** | |
| **Betekenisleer en figuurlike taal** | |
| **Sinoniem** | Dit is woorde met min of meer dieselfde betekenis. Voorbeelde van **sinonieme**: *speel/baljaar/rondhardloop; grond/bodem/land/aarde*.<br>Dit hang af hoe jy die woord in 'n sin gebruik. Daarom moet jy die volgende onthou: wanneer jy 'n woord met sy sinoniem vervang, moet die nuwe woord in dieselfde sin pas, byvoorbeeld - Die kinders *speel* buite. (*baljaar*). Toe ek uit die vliegtuig klim, het ek my voete weer op vaste *aarde* gesit. (*grond*) Hierdie *bodem* is my Suid-Afrika. (*land*) |
| **Antoniem** | Woorde wat die teenoorgestelde betekenis het, word **antonieme** genoem. Voorbeelde van antonieme: *aarde x hemel; lag x huil; rondhardloop x stilsit; grof x fyn*. Die materiaal is baie *grof (fyn)*. Daar is 'n bekende uitdrukking wat sê: *van lekker lag kom lekker huil*. |
| **Paroniem (of stamverwante woord** | **Paronieme** is woorde wat van **dieselfde stam** afgelei is. Van die stamwoord **ken** kan byvoorbeeld **beken, erken, herken** of **ontken** gevorm word. So ook van die stamwoord **huis** kan **verhuis** en **behuising** gevorm word en van die stamwoord **bos** kan **ontbos, bebos** en **bosagtig** gevorm word. |
| **Polisemie** | **Poliseme** is woorde wat eenders gespel word maar verwante betekenis het.<br>• Voorbeelde: Die *skool* kom oor 'n uur uit. (leerders)<br>• Daar word nou 'n nuwe *skool* gebou. (gebou)<br>• Die *skool* sluit môre. (onderwyswerksaamhede)<br>• Hy kom uit die klassieke *skool*. (denkrigting in die onderwys) |

# ONDERWYSERSGIDS

Verskaf ’n inleiding tot die KABV en verduidelik begrippe soos …

- Luister
- Praat
- Lees- en kyk
- Skryf en aanbied

# ONDERWYSERSGIDS

- Tabelleer die tekssoorte wat in elke module gebruik word.
- Verduidelik die tipes assessering (daagliks en formeel; self-, portuur, en groepsassessering)
- Verskaf ’n kwartaallikse assesseringsprogram.

# ONDERWYSERSGIDS

## Eksamenformate en vereistes:

<table>
<tr><th>Vraestel</th><th colspan="2">Afdeling</th><th colspan="2">Punte</th><th>Tyd</th></tr>
<tr><td rowspan="11">3. Skryf</td><td colspan="2">A: Opstel – Een opstel<br>Verhalend/beskrywend/argumenterend/bespiegelend/beredenerend</td><td rowspan="6">50</td><td rowspan="11">100</td><td rowspan="11">Graad 10 (2 uur)<br>Graad 11-12 (2½ uur)</td></tr>
<tr><td>Graad</td><td>Lengte van opstel</td></tr>
<tr><td>10</td><td>300-350 woorde</td></tr>
<tr><td>11</td><td>350-400 woorde</td></tr>
<tr><td>12</td><td>400-450 woorde</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseer die volgende:<br>• Inhoud en beplanning (60%)<br>• Taal, styl en redigering (30%)<br>• Struktuur (10%)</td></tr>
<tr><td colspan="2">B: Twee tekste – Transaksionele tekste:<br>Vriendskaplike/formele of informele briewe aan die pers/formele briewe (versoek/klagte/aansoek/bedanking/gelukwensing/simpatie/sakebrief)/curriculum vitae en dekbrief/huldeblyk/agenda en notule (vra as 'n kombinasie)/formele of informele verslag/resensie/koerantberig/tydskrifartikel/geskrewe formele of informele toespraak/dialoog/geskrewe onderhoud</td><td rowspan="5">50<br>(2 X 25)</td></tr>
<tr><td>Graad</td><td>Lengte van die teks</td></tr>
<tr><td>10-12</td><td>180-200 woorde – slegs inhoud</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseer die volgende:<br>• Inhoud, beplanning en formaat (60%)<br>• Taal, styl en redigering (40%)</td></tr>
</table>

# ONDERWYSERSGIDS

Riglyne oor assesseringsinstrumente.

## 7. Assesseringsinstrumente

### 7.1 Opstel (kreatief)

| 50 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matige 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD EN BEPLANNING<br>30 PUNTE | **24-30**<br>• Inhoud uitstaande, hoogs oorspronklik.<br>• Idees stem jou tot nadenke, uitdagend, volwasse.<br>• Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n foutlose aanbieding. | **21-23½**<br>• Inhoud verdienstelik, oorspronklik.<br>• Idees is verbeeldingryk en interessant.<br>• Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n vernuftige aanbieding. | **18-20½**<br>• Inhoud goed, redelik koherent.<br>• Idees interessant en oortuigend.<br>• Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie aanbieding. | **15-17½**<br>• Inhoud geskik, voldoende koherent.<br>• Idees interessant, oorspronklikheid voldoende.<br>• Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende aanbieding. | **12-14½**<br>• Inhoud middelmatig, gewoon. Gapings in koherensie.<br>• Idees meestal toepaslik.<br>• Oorspronklikheid beperk.<br>• Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike en samehangende aanbieding. | **9-11½**<br>• Inhoud nie altyd duidelik, koherensie ontbreek.<br>• Beperkte idees, herhaal dikwels.<br>• Onvoldoende beplanning vir huistaalvlak.<br>• Aanbieding nie goed nie. | **0-8½**<br>• Inhoud grootliks irrelevant. Geen koherensie.<br>• Idees vervelig, herhalend.<br>• Onvoldoende beplanning en/ of eerste poging.<br>• Aanbieding swak. |
| TAAL, STYL EN REDIGE-RING<br>15 PUNTE | **12-15**<br>• Krities bewus van taalimpak.<br>• Taal, punktuasie effektief gebruik.<br>• Gebruik hoogs gepaste, figuurlike taal.<br>• Woordkeuse uitsonderlik en volwasse.<br>• Styl, toon, register hoogs geskik vir onderwerp.<br>• Feitlik foutloos na proeflees en redigering. | **10½-11½**<br>• Krities bewus van taalimpak.<br>• Taal, punktuasie korrek; knap gebruik van figuurlike taal.<br>• Woordkeuse varieer en is kreatief.<br>• Styl, toon, register geskik vir onderwerp.<br>• Grootliks foutvry na proeflees en redigering. | **9-10**<br>• Kritiese bewustheid van taal duidelik.<br>• Taal, punktuasie meestal korrek.<br>• Woordkeuse is geskik vir teks.<br>• Styl, toon, register geskik vir teks.<br>• Meestal foutvry na proeflees en redigering. | **7½-8½**<br>• Enkele aanduidings van kritiese taalbewustheid.<br>• Taal eenvoudig, punktuasie voldoende.<br>• Woordkeuse voldoende.<br>• Styl, toon, register oor die algemeen in ooreenstemming met teksvereistes.<br>• Steeds foute na proeflees en redigering. | **6-7**<br>• Beperkte aanduidings van kritiese taalbewustheid.<br>• Taal middelmatig, punktuasie dikwels verkeerd gebruik.<br>• Woordkeuse is beperk.<br>• Styl, toon, register toon gebrek aan samehang.<br>• Baie foute na proeflees en redigering. | **4½-5½**<br>• Geen kritiese taalbewustheid nie.<br>• Gebrekkige taal en punktuasie.<br>• Woordkeuse is beperk.<br>• Styl, toon, register nie geskik nie.<br>• Besaai met foute na proeflees en redigering. | **0-4**<br>• Geen kritiese taalbewustheid.<br>• Ernstige gebrek aan taal en punktuasie.<br>• Woordkeuse nie geskik.<br>• Styl, toon, register gebrekkig in alle opsigte.<br>• Besaai met foute en verwar leser na proeflees en redigering. |
| STRUKTUUR<br>5 PUNTE | **4-5**<br>• Koherente ontwikkeling van onderwerp. Skerp, uitsonderlike detail.<br>• Sinne en paragrawe briljant saamgestel.<br>• Lengte in ooreenstemming met vereistes van opstel. | **3½**<br>• Logiese ontwikkeling van besonderhede.<br>• Koherent.<br>• Sinne, paragrawe logies, gevarieerd.<br>• Lengte korrek. | **3**<br>• Ontwikkeling van verskeie relevante besonderhede.<br>• Sinne, paragrawe goed saamgestel.<br>• Lengte korrek. | **2½**<br>• Net enkele noodsaaklike idees gegee, besonderhede ontwikkel tog.<br>• Sinne, paragrawe mag foute bevat, maar opstel maak nog sin.<br>• Lengte is amper korrek. | **2**<br>• Net enkele noodsaaklike idees kan duidelik onderskei word.<br>• Sinne, paragrawe bevat foute, maar opstel maak nog sin.<br>• Lengte – te lank/kort. | **1½**<br>• Dwaal soms van die onderwerp af, algemene gedagtegang kan gevolg word.<br>• Sinne, paragrawe basies saamgestel.<br>• Lengte – te lank/kort. | **0-1**<br>• Dwaal van onderwerp af.<br>• Sinne, paragrawe verwarrend en onkonsekwent.<br>• Lengte – ver te lank/kort. |

# Digitale onderwysershulpbron (CD)

**Digitale onderwysershulpbron (Piekfyn Afrikaans Graad 11 Huistaal)**

## Inhoudsopgawe


**Vakadministrasie en -organisasie**

**Voorwoord**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A:** | Algemene riglyne vir vakadministrasie en -organisasie |
| **Afdeling B:** | Assessering |
| **Afdeling C:** | Riglyne vir die opstel van vraestelle |
| **Afdeling D:** | Agenda van vakvergadering |
| | Assesseringsinstrumente |
| | Departementele jaarbeplanner |
| | Diagnostiese analise |
| | Kontrole |
| | Onderrigplanne |
| | Personeellys |
| | Persoonlike rooster |
| | Pligte van onderwysers |
| | Voorbereiding en beplanning |
| | Werkslading |
| **Afdeling E:** | Woordeskat vir addisionele leeraktiwiteite |
| **Afdeling F:** | Voorbeeldvraestelle (Vraestel 1) |

**Visuele hulpbronne**

- Plakkate
- Idiome
- Film (sepie): *Mandela-rylaan se stories* (2 episodes)

# Piekfyn Afrikaans Graad 11 Plakkate



# Plakkate: Taalaspekte








WOORDEBOEKGEBRUIK
ma.sjien' s.nw. (-e) 1 Apparaat, bestaande uit verskillende onderdele, wat met meganiese krag werk, bepaalde funksies het en bepaalde voorwerpe vervaardig: 'n Masjien bedien, aansit, belas. Die masjien sal onklaar raak as jy dit nie olie nie. 'n Moderne masjien koop om nuwerwetse voorwerpe te maak. 'n Masjien kan handewerk vervang. Vgl. ENJIN 2 (fig.) Persoon wat sy werk soos 'n masjien doen. Masjien: -bediener, -defek, -fabriek, -kamer, -maker, -olie, -onderdeel, -tekening, -werkplaas
Waar die klem geplaas word
Lettergreepverdeling
Voorbeeldsinne met die woord
Figuurlike gebruik van die woord
As watter woordsoort die woord gebruik kan word.
Meervoud, verkleining, trappe van vergelyking
Hoeveel betekenis woord kan hê.
Samestellings en afleidings wat met die woord gevorm kan word.


Al staan hy op sy kop.
Al doen hy ook wat.


Die handdoek ingooi.
Moed opgee.


LEESTEKENS
Die komma (,)
Die kommapunt (;)
Die dubbelpunt (:)
Hakkie ( )
Aanhalingstekens ("...")
Die vraagteken (?)
Die aandagstreep (–)
Stippels/ellips ...
Die uitroepteken (!)
Die punt (.)


PRELEES
Vra vrae
Wat kan ek myself afvra VOORDAT ek die teks lees om my te help om die teks te verstaan?
• Wat weet ek reeds?
• Ek wonder as . . . ?
• Wat moet ek weet?
TYDENS LEES
Vra vrae
Wat kan ek myself afvra as ek die teks lees om dit te verstaan?
• Is dit sinvol?
• Hoe hou die inligting verband met wat ek reeds weet?
• Wat sê die skrywer oor . . . ?
• Wat bedoel die skrywer met . . . ?
• Vrae waarop ek antwoorde wil hê?
TYDENS LEES
Verstaan die teks
By 'n moeilike deel moet ek . . .
• Stop en nadink oor . . .
• Bestudeer van nader . . .
• Breek die teks in kleiner dele op . . .
• Som op soos ek lees.
• Bespreek wat ek lees.
TYDENS LEES
Maak afleidings
Hoe lees ek tussen die reëls?
• Gebaseer op wat ek gelees het, besef ek . . .
• Bewyse wat my vermoede bevestig is . . .
• My gevolgtrekking is . . .
• Ek dink . . . want . . .
TYDENS LEES
Dink om te lees
As ek by 'n onbekende woorde of gedeelte kom, moet ek . . .
• Kyk na foto's, diagramme, tabelle of grafieke.
• Herlees om beter te verstaan.
• Gebruik kontekstuele leidrade vir wenke.
• Slaan oor en kom terug.
• Stop en vrae vrae.
LEES
TYDENS LEES
Visualiseer
Om beter te verstaan terwyl ek gelees het . . .
• Ek verbeel my dat . . . lyk soos . . .
• Ek het die "prentjies" gebruik om te help met . . .
TYDENS LEES
Kontekstuele leidrade
Hoe kan ek dit wat ek reeds weet, gebruik om die teks beter te verstaan?
• Ek weet reeds dat . . .
• Hierdie teks herinner my aan . . .
• Dit vergelyk met . . .
• Hierdie teks verskil van . . . want . . .
• Hierdie gedeelte herinner my aan . . .
POSTLEES
Vra vrae
Wat kan ek vra om hierdie teks beter te verstaan?
• Wat bedoel die skrywer met . . . ?
• Waarom/Waarom nie?
• Wat het ek geleer?
• Ek wonder as . . . ?
POSTLEES
Vind die hoofgedagte
Wat is die hoofgedagte(s)?
Wat is belangrik?
• Die belangrikste wat ek van die teks onthou is . . .
• Die hoofgedagte is . . .
• Die teks gaan hoofsaaklik oor . . .
• Leidrade, woorde en kenmerke wat my gehelp het om die teks te verstaan was . . .
POSTLEES
Dink oor die teks
Hoe pas al die "stukke" bymekaar?
• Die teks se boodskap is . . .
• Die doel van die teks is . . .
• Hierdie idees hou verband met . . . want . . .
• Hierdie teks is bevooroordeeld want . . .
• Hierdie teks hou nie verband met . . . nie.

***Piekfyn Afrikaans Graad 12*** bevat interessante en eietydse leerstof vir jou as leerder van Afrikaans Huistaal. Boonop word taalinhoud met dié van verskeie ander vakke geïntegreer wat jou ervaringswêreld sal verryk en jou moontlik sal help met 'n beroepskeuse ná jou matriekjaar.

Die wye verskeidenheid interaktiewe aktiwiteite sorg vir die inoefening en vaslegging van al die taalvaardighede. Afdelings soos ***Pitkos***, ***In 'n neutedop***, die ***Indeks***, die ***Letterkundegids*** en die ***Taalgids*** gaan jou voorbereiding vir enige soort leer en assessering seepglad laat verloop. Jy gaan verder ook

- vir begrip en waardering verskeie fiksie- en niefiksietekste lees;
- verskeie visuele tekste krities interpreteer en verduidelik;
- in verskillende sosiale situasies oortuigend en duidelik kommunikeer;
- vlot en ekspressief praat en toesprake lewer;
- aandagtig en krities na taalgebruik luister, en taalstrukture en -konvensies deeglik en foutloos gebruik in mondelinge en skriftelike aanbiedings; en
- heelwat transaksionele en kreatiewe tekste volgens prosesskryf aanbied.

Maar dis nie al nie … *Piekfyn Afrikaans* help jou ook met jou voorbereiding vir die halfjaar- en eindeksamen. Al vier vraestelle wat jy hierdie jaar moet aflê, word in dié handboek voorsien – ook toetse en verskeie hersieningsoefeninge.

Ons weet dat *Piekfyn Afrikaans* jou gaan help om Afrikaans Huistaal met vlieënde vaandels te slaag!

**Geniet 'n *Piekfyn*-leerervaring!**

BEST BOOKS
Pretoria • Kaapstad
www.bestbooks.co.za

Gr 12 LB HT
978-1-77002-452-1

Piekfyn Afrikaans Graad 12 Huistaal

Leerderboek

Riens Vosloo • Henk Viljoen • Belinda Prinsloo • Heleen Stevens

BEST BOOKS

# Piekfyn Afrikaans



## Graad 12

KABV-goedgekeur

Geïntegreerde Taalteks

## Leerderboek Huistaal

Riens Vosloo • Henk Viljoen • Belinda Prinsloo • Heleen Stevens

*Bladsak Graad 12* bevat interessante en eietydse leerstof vir jou as leerder van Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Boonop word taalinhoud met dié van verskeie ander vakke geïntegreer wat jou ervaringswêreld sal verryk en jou moontlik sal help met 'n beroepskeuse ná jou matriekjaar.

Die wye verskeidenheid interaktiewe aktiwiteite sorg vir die inoefening en vaslegging van al die taalvaardighede. Afdelings soos ***Padkos***, ***Vlymskerp***, die ***Indeks***, die ***Letterkundegids*** en die ***Taalgids*** gaan jou voorbereiding vir enige soort leer en assessering seepglad laat verloop. Jy gaan verder ook

- vir begrip en waardering verskeie fiksie- en niefiksietekste lees;
- verskeie visuele tekste krities interpreteer en verduidelik;
- in verskillende sosiale situasies oortuigend en duidelik kommunikeer;
- vlot en ekspressief praat en toesprake lewer;
- aandagtig en krities na taalgebruik luister, en taalstrukture en -konvensies deeglik en foutloos gebruik in mondelinge en skriftelike aanbiedings; en
- heelwat transaksionele en kreatiewe tekste volgens prosesskryf aanbied.

Maar dis nie al nie . . . *Bladsak* help jou met jou voorbereiding vir die halfjaar- en eindeksamen. Al vier vraestelle wat jy hierdie jaar moet aflê, word in dié handboek voorsien – ook toetse en verskeie hersieningsoefeninge.

Ons weet dat *Bladsak* jou gaan help om Afrikaans Eerste Addisionele Taal met vlieënde vaandels te slaag!

**Geniet 'n besondere leerervaring met *Bladsak*!**


Gr 12 LB EAT
978-1-77002-916-9
9 781770 029569

BEST BOOKS
Pretoria • Kaapstad
www.bestbooks.co.za

Bladsak Graad 12
Eerste Addisionele Taal
Leerderboek

Rina Lamprecht • Henk Viljoen • Nic Conradie • Marlene Bester • Sarette Otto • Martha de Beer • Valerie Mocke

BEST BOOKS



# Bladsak

## Graad 12

KABV-goedgekeur

## Leerderboek

## Eerste Addisionele Taal

Rina Lamprecht • Henk Viljoen • Nic Conradie • Marlene Bester •
Sarette Otto • Martha de Beer • Valerie Mocke

***Piekfyn Afrikaans Graad 12*** bevat interessante en eietydse leerstof vir jou as leerder van Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Boonop word taalinhoud met dié van verskeie ander vakke geïntegreer wat jou ervaringswêreld sal verryk en jou moontlik sal help met 'n beroepskeuse ná jou matriekjaar.

Die wye verskeidenheid interaktiewe aktiwiteite sorg vir die inoefening en vaslegging van al die taalvaardighede. Afdelings soos ***Pitkos***, ***In 'n neutedop***, die ***Indeks***, die ***Letterkundegids*** en die ***Taalgids*** gaan jou voorbereiding vir enige soort leer en assessering seepglad laat verloop. Jy gaan verder ook

- vir begrip en waardering verskeie fiksie- en niefiksietekste lees;
- verskeie visuele tekste krities interpreteer en verduidelik;
- in verskillende sosiale situasies oortuigend en duidelik kommunikeer;
- vlot en ekspressief praat en toesprake lewer;
- aandagtig en krities na taalgebruik luister, en taalstrukture en -konvensies deeglik en foutloos gebruik in mondelinge en skriftelike aanbiedings; en
- heelwat transaksionele en kreatiewe tekste volgens prosesskryf aanbied.

Maar dis nie al nie ... *Piekfyn Afrikaans* help jou met jou voorbereiding vir die halfjaar- en eindeksamen. Al vier vraestelle wat jy hierdie jaar moet aflê, word in dié handboek voorsien – ook toetse en verskeie hersieningsoefeninge.

Ons weet dat *Piekfyn Afrikaans* jou gaan help om Afrikaans Eerste Addisionele Taal met vlieënde vaandels te slaag!

**Geniet 'n *Piekfyn*-leerervaring!**

Gr 12 LB EAT
978-1-77002-914-1
9 781770 029545

BEST BOOKS
Pretoria • Kaapstad
www.bestbooks.co.za

Piekfyn Afrikaans Graad 12
Eerste Addisionele Taal
Leerderboek
Riens Vosloo • Henk Viljoen
Belinda Prinsloo • Heleen Stevens
BEST BOOKS

KABV-goedgekeur

# Piekfyn Afrikaans

## Geïntegreerde Taalteks

Graad 12



# Leerderboek

## Eerste Addisionele Taal

Riens Vosloo • Henk Viljoen •
Belinda Prinsloo • Heleen Stevens

- **Sterkte met u onderwystaak en –roeping.**
- **Sorg dat die jeug goed vir die toekoms na skool voorberei is.**